



Credo

**Akademie  
Reformia**



# CREDO

## AKADEMIE REFORMIA

### 1. OUERSKOOL

Omdat ons as ouers by die doopvont belowe het om ons kinders “in die genoemde leer te onderrig en te laat onderrig” (vgl. Die vrae in die Doopformulier) is dit ons verbondsouers se plig om toe te sien dat dit wat ons kinders tuis, by die Kerk en in dié skool leer met die Leer van die Saligheid, soos dit in die plaaslike kerk volgens die belydenisskrifte geleer word, ooreenstem.

Ons as verbondsouers is die primêre opvoeders van ons kinders. Ons moet dus op hoogte wees van die leerinhoud van die vakke wat ons kinders op skool neem. Verder moet ons die Christelike gees en karakter van dié skool bepaal.

Omdat die lidmate in die gemeente getuies van die doopbelofte is, is hulle mede verantwoordelik ten opsigte van ondersteuning en betrokkenheid by die skool. Ons is immers “... al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar” (Romeine 12 : 5).

### 2. ALLEEN DIE SKRIF

Ons glo dat die Heilige Skrif die Woord van God is en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, asook die wyse hoe God gedien moet word, daarin voldoende geleer word (NGB Art. 7)

#### ***BY AKADEMIE REFORMIA HANDHAAF ONS DIE GESAG VAN DIE BYBEL OOR DIE HELE LEWE***

- Die Bybel se gesag mag nie teruggedwing word na 'n paar terreine soos Godsdiensoonderrig, Bybelkunde en die formele dagopening en dagsluiting met gebed nie. God se Woord raak ons **hele lewe** en gee lig oor **alle vakgebiede**.
- Ons **verwerp** enige lering wat die Bybel voorhou as die subjektiewe ervaring of geloofsantwoord van mense. Ons handhaaf die beginsel van die **onfeilbaarheid van die Skrif**.
- Ons hanteer **nie die Bybel op 'n biblisistiese wyse**, asof die Bybel gegewens oor elke faset van elke vakgebied sou hê nie. In die lig van Art 2 van die NGB moet ons die “boek van die natuur” met die lig wat God se Woord bied, lees. Die Bybel bepaal gevolglik ons perspektief.

- Die erns wat ons met die Skrif maak, dwing ons tot verantwoordelikheid. Ons streef gevolglik eerder na hoër standaarde omdat die kinders leer van 'n groter werklikheid; nie net die natuur nie (soos by die sogenaamde neutrale skool) en nie net die Bybel nie (soos by sekere Bybelskole), maar beide, in hulle verband met mekaar. Omdat ons alles wat ons doen vir die Here doen (Kol 3 : 23), streef ons na voortreflikheid en lewer noodwendig puik resultate.

### 3. ALLEEN UIT GENADE

Alles wat ons het – ons liggaam, gawes, verstand, kragte ens., - is alles net God se genade aan ons wat dit nie verdien nie. Van nature is ons ook soos alle ander mense, geneig tot die slegte en die verkeerde. Dis alleen God se uitverkiesende genade wat ons daartoe lei om die redding wat God in Christus vir ons voorberei het, in die geloof te omhels.

#### ***BY AKADEMIE REFORMIA LÊ ONS GROOT KLEM OP GOD SE GENADE EN OP ONS VERANTWOORDELIKHEID OM UIT SY GENADE TE LEWE***

- Vir die Christen-ouer is dit belangrik om elke kind se **Godgegewe gawes** ten beste te ontplooi. Die gemiddelde word nie as maatstaf gebruik nie, maar individuele aandag word gegee van die minderbegaafde tot die hoogsbegaafde kind.
- Die doel is om elke leerling te help om te word wat God vir hom/haar bedoel het om te wees. Elke leerling word volgens sy/haar vermoë geëvalueer. Intrinsieke evaluering is belangriker as vergelykende evaluering.
- Ons skool streef daarna om die onderwyser-leerling-verhouding so laag as moontlik te hou (ongeveer 1:20). Dit bevorder die beginsel dat die onderwyser sy Godgegewe roeping op die mees verantwoordelike wyse kan uitoefen terwyl elke leerling na sy eie vermoë geëvalueer kan word en sy Godgegewe gawes ten beste kan ontplooi.
- Die deelname van elke leerling word hoog geag. Ons vermy 'n ongesonde kompetisiegees aangesien dit op voortreflikheid en menslike prestasie gebou is. Ongelyke mededinging word verwerp. Prysuitdelings is byvoorbeeld nie van oorheersende belang nie. Die persoonlike aandag en goedkeuring van die ouer en onderwyser is veel meer werd.

In sport word nie in die eerste plek wenspanne afgerig nie, omdat dit eerder om liggaamlike oefening en basiese vaardighede gaan.

Skoonheidskompetisies waar die menslike anatomie en persoonlikheid op die voorgrond staan, het geen plek in ons skool nie.

- Die aankweek van 'n eie verantwoordelikheid en selfwerkzaamheid kry besondere aandag. Die kind leer dat God se genadegawes ook opgawes, verantwoordelikhede is. Ons staan in God se diens!

- Liefde vir die eie word aangekweek. Taal en kultuur is gawes van God en moet ontwikkel word sonder om dit in 'n houding van meerderwaardigheid teenoor ander te laat ontaard. Ons kinders word binne die raamwerk van die Afrikanerkultuur opgevoed. Liefde vir ons moedertaal asook volkstrots word op 'n verantwoordelike wyse by ons kinders aangekweek.

#### 4. **ALLEEN DEUR GELOOF**

Ons glo dat die Heilige Gees 'n opregte geloof in ons harte laat ontvlam sodat ons Jesus Christus en al Sy weldade kan omhels (NGB Art 22). Sonder geloof word niemand salig nie. Geloof sluit kennis en vertroue in (HK Sondag 7 Vraag & Antwoord 21). Geloof moet gevoed en versterk word deur die gebruik van die Woord, gebed en 'n lewe in vertroue op God (HK Vraag & Antwoord 65 – DLR 1 : 16, 5, 14).

#### ***BY AKADEMIE REFORMIA LEER ONS KINDERS DIE REGTE GELOOFSINHOUDE (KENNIS) EN ONTWIKKEL GELOOFSVERTROUE***

- Geen Skool kan neutraal wees nie. 'n Tipe godsdiensoonderrig op skool wat alle gelowe (Christelik of nie-christelik) tevrede wil stel is eerder 'n uiting van valse leer. 'n Christelike skool sonder dogma (spesifieke leerstelling) is besig met humanisme. Die dogma van dié skool word vergestalt in die Drie Formuliere van Eenheid.
- Skoolonderrig moet aansluit by kategetiese onderrig (tuis en by die kerk). Op skool word die kind uitdruklik geleer om insig te kry in die magtige dae van sy Verbondsgod, dit te verstaan en in die geloof daarop te antwoord. Anders as by kategetiese is verbondsonderrig op skool nie gerig op die aflê van openbare geloofsbelydenis in 'n bepaalde gemeente nie.
- Die kind word ook nie geïsoleer van vreemde ideologieë nie. Intendeel, hy word daarteen weerbaar gemaak deur die verkeerde aan hulle uit te wys. Dit geld vir sake soos die sogenaamde vrye wil van die mens, evolusionisme, materialisme, liberalisme, humanisme, hedonisme, bevrydingsteologie, New Age ens.

Christelike onderwys wil egter nie kinders in 'n glaskas opvoed nie, maar eerder die kind gereed maak vir die lewe met sy gevare. Die benadering wat by 'n Christelike skool gevolg word, is dié van begeleide konfrontasie. Die kind word met hierdie vreemde ideologieë gekonfronteer, maar dan onder leiding van die onderwyser. Die regte geloofsinhoud is in die lig hiervan baie belangrik naamlik die "ware leer van die saligheid" (vgl. die 2de vraag van die Doopsformulier).

Kinders mag nie sommer alles maar self ontdek nie. Hierin verskil ons skerp van skole wat alle klem probeer lê op sogenaamde selfontsluiting en selfverwesenliking.

- Die klem val op **karaktervorming**. Die onderwysers gee ook, benewens Bybelonderrig, aandag aan sedelike opvoeding. Hier is die voorbeeld van die onderwyser en 'n gesonde portuurgroep baie belangrik. Ons bely dat ons kinders in sonde ontvang en gebore is en daarom te meer na die eise van God se Woord gevorm moet word. Die **volle mens** moet vernuwe word na die beeld van sy Skepper.
- Geloofsvertroue ontwikkel die beste in 'n atmosfeer van liefde, sekuriteit en dissipline. Die onderwysers speel hierin 'n sentrale rol. Hulle moet die kind saam met die ouers na die God van die verbond begelei.

Afgesien van akademiese kwalifikasies, word goeie getuienis van Christelike lewensooruiging en lewenswyse as primêre vereiste gestel by die aanstelling van onderwysers. **Die onderwyser moet self uit die ware geloof lewe en 'n voorbeeld vir die kinders wees (1 Kor 11 : 1).**

- Personeel moet by aanstelling die Drie Formuliere van Eenheid bely.
- Hulpmiddels soos rekenaars en ander oudiovisuele apparate en tegniese instrumente is belangrik, maar die regte gelowige onderwysers is nog belangriker.
- Ons lê sterk klem op dissipline. Duidelike tugmaatreëls word neergelê wat die ouers ook moet aanvaar by die toelating van hulle kind/ers. Tug moet egter altyd aan die ouers as die primêre opvoeders verantwoord kan word.

## 5. ALLEEN AAN GOD DIE EER

Die doel van die mens is om God te verheerlik (1 Kor 10 : 31). Daarom is die **skool se doelwit: Diensbaarheid tot God**. Sy eer moet tot uitdrukking kom soos in die woorde van 2 Tim 3 : 17 – “Sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.”

### ***IN AKADEMIE REFORMIA WORD ONS KINDERS GELEER OM GOD OP ALLE LEWENSTERREINE TE DIEN***

- Dié skool is sterk op die praktyk gerig omdat al die gawes wat die mens van God ontvang, opgawes tot diens is. Die vraag is dus nie: “Wat kan hierdie kennis of vaardigheid wat ek by die skool leer, vir myself beteken nie?” Maar: **“Hoe kan ek God se Koninkryk beter dien?”**
- In Akademie Reformia wil ons aan ons kinders Verbondsonderrig gee, sodat hulle kan leer om God self en Sy Koninkryk in hierdie wêreld te dien.
- Dié skool is betrokke by gebeurtenisse in die samelewing. Kinders word geleer om sout van die aarde en lig vir die wêreld te wees.

- Die koningskap van Christus geld vir elke faset van hierdie skool. Christus se heerskappy en Sy almag het vir elke vak en elke aktiwiteit bepaalde implikasies.

'n Christelike lewenstyl en 'n Geesvervulde lewe kry daarom groot klem. Dit gaan dus nie net daarvoor dat die kind 'n bepaalde kurrikulum moet bemeester nie, maar dat hy/sy **leer om op 'n bepaalde wyse volgende die eise van die Skrif te leef.**

- **LEERINHOUDE:** Die inhoudelike van vakke sal voortdurend gesuiwer word van dit wat in stryd is met die Skrif. Daar sal gepoog word om die wetmagtigede wat deur God in die skepping daargestel is, in die onderrig van alle vlakke na vore te laat kom.
- Die roepingsgedagte is belangriker as sake soos akademiese afrigting vir onderskeidings of die identifisering en ontwikkeling van sosiale leiers. Die skool se uitgangspunt is om by elke leerling 'n gesonde werksetiek, spaarsin en offervaardigheid te kweek.

#### **Ons leerareaverklarings:**

Toegepas vanaf 3 jaar tot Graad 7 op ontwikkelingsvlak van graad.

- Tale
- Wiskunde
- Natuurwetenskappe
- Sosiale Wetenskappe, (*Wetenskapsleer*)
- Christelike Lewensoriëntering (*diensbaarheid tot God en mens, karaktervorming en roeping*)
- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe – (*entrepreneur; rentmeesterskap*)
- Tegnologie (*Rekenaarlees*)
- Kuns en Kultuur; ritmiese beweging; visuele kunste; musiek; redenaars
- Bewegingsaktiwiteite (*Liggaamsoefening*)
- Bybel (*Onderrig volgens Bybel – nie godsdienste*)
- Geloofsleer (*vaardighede om volgens skrif te leef*)
- Aanvullend: Rekenaargeletterdheid (RTT) – tik, windows en excel.

## **6. WAARDES**

Die akademiese standaard van Akademie Reformia moet van so 'n aard wees dat:

- Leerlinge geredelik aanvaar behoort te word vir verdere studies (universiteit, technikon, kollege, ens.)
- Graad 1 tot Graad 7-leerlinge van 'n Christelike skool na 'n staatskool oorgeplaas kan word (indien die behoefte ontstaan).

Hoekom Akademie Reformia die aanspreekvorm "leerling" gebruik:

Die HAT se beskrywing:

LEERLING : skolier, kind wat in opleiding is by 'n meester (vaardige persoon).

LEERDER: jong leerlinge aan 'n skool.